BESONDERHEDE, TERME & VOORWAARDES

KLIËNT SE VOLLE NAAM: _____(hierna "**DIE KLIËNT**")
(Verstrek volle geregistreerde naam indien Maatskappy/Trust/BK)

HANDELSNAAM:_____ **REG/ID NO:**_____
(Indien van b.g. verskil)
BTW NO: _____

KONTAKBESONDERHEDE

Kontak persoon: _____
☎ (huis) _____
☎ (werk) _____
☎ (faks) _____
☎ (sel) _____
e-pos _____

ADRES BESONDERHEDE

FISIESE ADRES:_____
_____
Geregistreerde Adres: _____
(indien BK/Trust/Maatskappy)
_____
Pos adres: _____
_____
_____

BANKBESONDERHEDE

BANK: _____**TAKKODE:**_____
REK NAAM: _____**TAK:**_____
REKENING NOMMER: _____

VERKLARING EN BEVESTIGING:

Ek/Ons die ondergetekende(s), behoorlik gemagtig en handelende ten behoewe van gemelde kliënt, verklaar en bevestig hiermee die volgende:

1. **PRODEBT Edms (Bpk) (regnr 2014/160802/07)** (hierna "**PRODEBT**") onderneem om toe te sien tot invordering van **DIE KLIËNT** se swak skuld wat onder andere insluit:

   1.1 Opsporing van skuldenaars.
   1.2 Uitstuur van agente na die skuldenaar se woning of werksplek ten einde afbetalingsreëlings te tref.
   1.3 Telefoniese en skriftelike aanmaning van die skuldenaar.
   1.4 Opstel, uitreik en betekening van Dagvaarding op skuldenaars.
   1.5 Neem van verstek vonnis teen skuldenaars.
   1.6 Verkryging van 'n Besoldigingsbeslagbevel teen skuldenaar se salaris in terme waarvan skuld in paaiemente van die skuldenaar se salaris verhaal word.
   1.7 Verkryging van 'n Lasbrief vir Eksekusie waar daar beslag gelê word op die skuldenaar se bates.
   1.8 Enige ander regsproses wat sal nodig wees van tyd tot tyd tot die invordering van die swak skuld gestaak word.

2. **PRODEBT bevestig dat hy** optree as **behoorlik gevolmagtigde agent en/of verteenwoordiger** namens **DIE KLIëNT** wat sal toesien dat:
   2.1 alle invorderingswerk aan 'n gepaste prokureur / prokureursfirma oorhandig sal word.
   2.2 die kapitaal en regskostes gevorder word namens **DIE KLIëNT** soos aan **PRODEBT** oorhandig is.
   2.3. addisionele uitgawes aangegaan word soos benodig; wat onder andere sal insluit om opspoorders aan te stel ten einde skuldenare te spoor, eksterne prokureurs aan te stel ten einde hofverskynings te doen asook van enige eksterne bronne gebruik te maak ten einde die skulde te vorder.
   2.4 op sy eie diskresie met skuldenare reëlings te tref oor hoe die skuld betaal moet word.
   2.5 **DIE KLIëNT** in kennis sal stel indien dit blyk dat skulde oninvorderbaar is asook **DIE KLIëNT** se instruksies te verkry indien die skuldenaar 'n aanbod maak om die kapitaal te vereffen by wyse van 'n eenmalige verminderde bedrag.
   2.6 aan **DIE KLIëNT** 'n gebruikersnaam en wagwoord sal verskaf waarmee **DIE KLIëNT** die invorderingsproses aktief kan monitor.
   2.7 dat daar voor of op die 7de van elke maand, die voorafgaande maand se gelde gevorder aan **DIE KLIëNT** oor te betaal soos in die bankrekening hierbo verwys na.
   2.8 Gelde gevorder word eerstens aangewend word vir werklike uitgawes wat insluit Balju fooie, Opsporingsagente en eksterne prokureurs waarna verdeling tussen die kliënt en die prokureur / prokureursfirma sal geskied op 'n 50/50 basis, nadat Invorderingskommissie van 10% verhaal is, met dien verstande dat **PRODEBT** homself die reg voorbehou om sodanige verhouding te verander, met 1 (EEN MAAND) skriftelike kennisgewing aan **DIE KLIëNT**.
   2.9 100% kapitaal (rente uitgesluit, welke die prokureur / prokureursfirma toeval) terug aan die kliënt waarborg indien die invordering suksesvol is, behalwe in gevalle waar die skuldenaar die uitstaande bedrag betaal alvorens Dagvaarding uitgereik is en/of 'n ooreenkoms in terme van Artikel 58 van die Wet op Landdroshowe onderteken is, in sodanige geval behou **PRODEBT** homself die reg voor om 'n 10% kommissie plus BTW te hef op die bedrag ontvang.

3. DIE KLIëNT onderneem om:

   3.1 ALLE likiede, gelikwideerde en/of boekskulde UITSLUITLIK aan **PRODEBT** te oorhandig ten minste elke _____ maande.
   3.2 alle gelde wat direk aan **DIE KLIëNT** betaal is na datum van oorhandiging, aan **die prokureur / prokureursfirma** oor te betaal binne 48 uur vanaf tydstip wat dit onder **DIE KLIëNT** se kennis gekom het en **PRODEBT** skriftelik daarvan in kennis te stel.
   3.3 hy so noukeurig moontlik volledige besonderhede van die skuldenaar te neem, wat onder andere sal insluit, die skuldenaar se:
      3.3.1 Volle naam, woonplek, werksplek, huwelikstatus en identiteitsnommer in geval van 'n natuurlike persoon, alternatiewelik sy geregistreerde naam in geval van 'n regspersoon.
      3.3.2 Aanduiding van regspersoonlikheid asook registrasienommer in geval waar die skuldenaar 'n Beslote Korporasie, Trust, Publieke of Privaat maatskappy is.
      3.3.3 Fisiese besigheidsadres sowel as geregistreerde adres aan te toon waar die skuldenaar 'n regspersoon is.
      3.3.4 Die naam waaronder die entiteit handeldryf.

4 Inwerkingtreding

4.1 Hierdie ooreenkoms tree in werking op datum van ondertekening hiervan en sal geldig wees onderhewig aan klousule 4.4 vir een jaar vanaf datum van ondertekening; waarna dit outomaties hernu sal word op dieselfde terme en voorwaardes soos hierin vervat.

4.2 Sou een van die partye die kontrak wil beëindig, moet hul 3 maande kennis gee voor die 12 maande periode verstryk deur 'n skriftelike kennisgewing per geregistreerde pos te versend aan die posadres soos vervat in hierdie ooreenkoms van die onderskeie party. Indien geen kennisgewing ontvang is nie, word die kontrak outomaties hernu vir die volgende 12 maande.

4.3 As een van die partye kennis gee van sy voorneme om die kontrak te beëindig, sal die ooreenkoms geag kanselleer te wees op die datum waarop die 1 jaar verstreke is.

4.4 Indien 'n ooreenkoms gekanselleer word, nadat 3 maande van aanvang daarvan, sal die regsgevolge soos uiteengesit onder klousule 7.3 van hierdie ooreenkoms inwerking tree.

4.5 Waar **DIE KLIëNT** binne 3 maande na aanvang van die ooreenkoms nie tevrede is met die diens van **die prokureur / prokureursfirma** nie, kan **DIE KLIëNT** die ooreenkoms skriftelik kanselleer en sal **PRODEBT** enige sake wat aan hom toevertrou is terugbesorg aan **DIE KLIëNT** met geen koste implikasie vir **DIE KLIëNT** nie.

5. DIE KLIëNT aanvaar aanspreeklikheid vir alle regskostes waar:

5.1 **die prokureur / prokureursfirma** in kennis gestel het dat die skulde oninvorderbaar is, **DIE KLIëNT** nieteenstaande daarvan aantoon dat daar voortgegaan moet word met die invordering van gemelde skulde en dit daarna vasgestel word dat die skulde inderdaad oninvorderbaar is.

5.2 Waar **DIE KLIëNT** foutiewe inligting aan **PRODEBT** oorhandig, wat veroorsaak dat **PRODEBT** die saak moet terugtrek en van vooraf regstappe moet instel.

5.3 Waar **DIE KLIëNT** aantoon dat alle regstappe gestop moet word omrede die saak foutiewelik oorhandig is.

5.4 Waar **DIE KLIëNT** in gebreke bly om gelde wat ontvang was van die skuldenaar oor te betaal.

6. **DIE KLIëNT aanvaar aanspreeklikheid vir alle werklike kostes waar:**

6.1 Die klient opdrag gee dat die saak gestaak word of die klient versuim om opdrag te gee en die saak word gestaak, hetsy oor die skuldenaar oorlede of werkloos is of die skuld oninvorderbaar is en dit nie koste-effektief is om voort te gaan nie

6.2 DIE KLIëNT in kennis gestel is dat die enigste wyse is om die swak skulde te vorder by wyse van 'n Lasbrief vir Eksekusie is, en dat DIE KLIëNT nieteenstaande die risiko verbonde aan die kostes van die Lasbrief vir Eksekusie instruksies gee om voort te gaan met sodanige Lasbrief vir Eksekusie.

7. Kontrakbreuk

7.1 Indien **PRODEBT**

7.1.1 nie 'n bepaling tot hierdie ooreenkoms nakom nie moet **DIE KLIëNT** dit onder **PRODEBT** se aandag bring by wyse van 'n skriftelike kennisgewing, welke kennisgewing versend moet word by wyse van voorafbetaalde geregistreerde pos aan POSBUS 1789, Worcester, 6850, alternatiewelik per hand afgelewer word te Fairbairn Square 1, Fairbairnstraat 49, Worcester. Sodanige skriftelike Kennisgewing moet **PRODEBT** aanmaan om die kontrakbreuk reg te stel binne 10 (TIEN) dae vanaf datum van ontvangs van gemelde Kennisgewing.

7.1.2 steeds nie die kontrakbreuk reggestel het binne die voorafgaande 10 dae nie moet **DIE KLIëNT** 'n daaropvolgende skriftelike kennisgewing aan **PRODEBT** oorhandig op dieselfde wyse soos gemelde onder klousule 7.1.1 waarin vermeld word dat **DIE KLIëNT** die kontrak kanselleer.

7.2 Indien **DIE KLIëNT**

7.2.1 nie 'n bepaling tot hierdie ooreenkoms nakom nie moet **PRODEBT** dit onder **DIE KLIëNT** se aandag bring by wyse van 'n skriftelike kennisgewing, welke Kennisgewing versend moet word by wyse van voorafbetaalde geregistreerde pos aan die Posadres, soos verskaf aan **DIE KLIëNT** hierbo, alternatiewelik per hand afgelewer by die fisiese adres soos hierbo uiteengesit, alternatiewelik by wyse van e-pos om die kontrakbreuk reg te stel binne 10 (TIEN) dae vanaf ontvangs van gemelde Kennisgewing.

7.2.2 steeds nie die kontrakbreuk reggestel het binne die voorafgaande 10 dae nie moet **PRODEBT** 'n daaropvolgende skriftelike kennisgewing aan **DIE KLIëNT** oorhandig op dieselfde wyse soos gemelde onder klousule 7.2.1 waarin vermeld word dat **PRODEBT** die kontrak kanselleer.

7.3 Indien kontrak gekanselleer is, hetsy deur **DIE KLIëNT** of **PRODEBT**:

7.3.1 Sal **PRODEBT** alle lêers van **DIE KLIëNT** wat aan **PRODEBT** oorhandig is beskibaar maak aan **DIE KLIëNT** vir verkryging daarvan deur **DIE KLIëNT**, op voorwaarde dat die **prokureur/prokureursfirma** se volle regskostes vereffen is, hetsy deur **DIE KLIëNT** of die skuldenaar.

7.3.2 Tot tyd en wyl die regskostes uitstaande is behou **PRODEBT** en/of die **prokureur/prokureursfirma** die reg voor om voort te gaan met die invordering op alle lêers van **DIE KLIëNT** om sodoende die uitstaande regkostes te dek op al **DIE KLIëNT** se lêers in die geheel, waarna **PRODEBT** die lêers beskikbaar sal maak vir lewering aan **DIE KLIëNT**.

7.3.3 Alternatiewelik tot klousule 7.3.2 kan **DIE KLIëNT, PRODEBT** versoek vir 'n uitstaande kosterekening vanaf **die prokureur / prokureursfirma; welke kosterekening die kliënt kan vereffen waarna PRODEBT die lêers aan die kliënt sal oorhandig**.

8**. Geen verandering**

Hierdie kontrak sal die totale ooreenkoms tussen die partye wees en geen variasie, verandering en byvoeging sal van enige krag of effek wees, behalwe as dit op skrif gestel is en deur beide partye geteken is nie.

GETEKEN TE _____ ***HIERDIE*** _____ ***DAG VAN*** _____ ***20__***

HANDTEKENING: _____ **GETUIE**: _____
(KLIËNT)

GETEKEN TE _____ ***HIERDIE*** _____ ***DAG VAN*** _____ ***20__***

HANDTEKENING: _____ **GETUIE:** _____
(namens **PRODEBT**)